

## 6 Januarie 2 Korintiërs 2:14 en Openbaring 19:11-21

### *Gekies vir die wenspan in 2000*

Soveel mense sien die oorgaan van die ou jaar na die nuwe jaar op soveel verskillende maniere. Die meeste partytjies word gekenmerk deur glans en uitbundigheid. Vuurwerkvertonings, harde musiek of geraas. Die mense hou daarvan as iets groots van 'n geleentheid gemaak word. Hulle drom saam om te sien wat gebeur.

In dié gedeelte word daar van iets groter gepraat as enige iets waaraan 'n mens kan dink. Dit is God se TRIOMFTOG (Job 19:25). Hy het die Satan oorwin (Kol 2:15). Ons Christene vergeet so maklik dat ons deel van 'n wenspan is. Die Here sê in hierdie gedeelte: Ons is deel van God se wenspan.

Hy voer ons saam in sy wenspan. Hierdie saamvoer laat my dink aan die mode wat daar deesdae in SA ontstaan het om die wenspan op 'n groot dubbeldekkerbus te laai en op 'n toer deur die stad se strate te neem sodat almal hulle kan sien. Gewoonlik is dit nie net die lede wat gespeel het wat saamgaan nie, maar ook die ondersteuningstelsel van die span. Die reserwes, bestuurders en selfs vroue en kinders. Hulle word ook gereken as deel van die wenspan. Ek dink die Here bedoel so iets met hierdie gedeelte: Verstaan tog goed, ons kan nie wat Jesus doen gelykstel aan die toer van die span nie. Maar iets hiervan is waar. Ek is verseker deel van Christus se triomftog omdat Hy my gekies het om deel daarvan te wees. Hy reken my as deel van sy wenspan. Ek gaan daarom nie bedelende of kruipende die wêreld binne met 'n jammer-dat-ek-lewe-houding nie. Ek is deel van 'n triomftog. Hierdie triomftog is soos 'n sterk stroom water wat alles meesleur wat verbykom. Nader aan die wêreld van destyds beteken dit iets soos Openbaring 19:11 beskryf: Die koning op sy wit perd vooraan die rye en rye soldate met orkeste wat speel en gevangenes wat geketting agterna kom (Ps. 149:9).

Ons Christene moet ons houding weer regkry. Ons moet God dank dat Hy my in sy wenspan ingesluit het. Hy vat ons saam met Hom. Ek moet as deel van sy wenspan in 2000 soos 'n wenner lewe.

Sing: Skrifberyming 31:1

Ds. H.W. Olivier (Mafikeng)